**Skriflesing:** Ps 1:1-3; Luk 6:43-45; Jak 3:9-12
**Tema:** ‘n Goeie boom dra goeie vrugte.

Ek deel so paar feite van die Spekboom(Portulacaria Afra), ’n goeie boom of struik eie hier aan die Oos-Kaap. Sommige mense praat sommer van die: “spectacular boom”.

**Die spekboom se wortels.**
Die plant is ideaal vir droë gebiede. Dit is ook 'n uitstekende grondbindplant wat gronderosie voorkom.

**Dis spekboom dra vrug en die blare is eetbaar.**
Olifante eet ongeveer 200 kilogramspekboom per dag. Die boom is hoog in voedingstowwe, veral vitamien C.
Spekboom is 'n besonderse, vars toevoeging tot slaaie en 'n klein takkie sal 'n heerlike geur aan 'n bredie gee.

**Gemeenskappe gebruik ook Spekboomblare as medisyne.**
• Om 'n blaar te suig om dors te les, uitputting, dehidrasie te behandel.
• Die gebruik van fyngedrukte blare om blase te verlig.
• Kou blare kan 'n seer keel en mondinfeksies behandel.
• Versapte blare word gebruik as 'n antiseptiese middel en om velkwale soos puisies, uitslag, inseksteke en sonbrand te streel.
Die spekboomblomme is nektarryk en verskaf kos vir baie insekte. Bye en voëls is mal daaroor!
Spekbome is ryk aan mikro-elemente onder andere jodium. Duisendpote gebruik gekonsentreerde jodium as ‘n verdedigings-afskeiding en dit verklaar die ongewoon hoë voorkoms van duisendpote in die Oos-Kaapse vallei bosveld.

Behalwe al die feite, wat maak die spekboom so spesiale plant?
Die boom help om klimaatsverandering en lugbesoedeling te beveg. Een hektaar spekbome (ongeveer 800 bome) kan gemiddeld 4,2 ton koolstofdioksied per jaar uit lug verwyder. Ongelukkig vervaardig ons 456 miljoen ton daarvan per jaar. Daar is baie verskil van mening hieroor, maar ek gaan volstaan deur te sê wat koolstofdioksied verwydering aan betref is spekbome kop aan kop met die beste, wat tropiese reënwoude insluit.
Hierdie merkwaardige plant is uniek deurdat dit sonenergie stoor om fotosintese in die nag uit te voer, die plant brand nie en dit kan sowat 200 jaar lank leef.

Maar terug by vandag. By belydenisaflegging bely jy dat jy ‘n goeie boom is:
Elkeen bely dat jul wortels reg geanker is as ons bely: “Ek het Jesus Christus as my persoonlike Verlosser gekies en het Hom lief.”

Elkeen beloof ook dat jul goeie vrugte dra: “jy dien dien die Here, is nie skaam om sy Naam voor ander mense te bely nie. Jy bely dat jy kerk is, deel van die liggaam van Christus en dat jy nie net in jou eie geloof sal groei nie, maar dat jy ook Christus se liefde met ander sal deel. Jy onderneem om vir ander gelowiges om te gee en vir hulle te sorg en dat ons mekaar in liefde teregwys en so help dat die eer van die Here beskermword.

Ek gaan kortlik in my boodskap hierop uitbrei.

**Goeie boom is stewig gewortel waar daar water is.**
Dit is selfs waar van die spekboom, al het ‘n spekboom baie min water nodig.

So is ons as toegewyde kinders van die Here gewortel in die Woord van God. Ons lees in Psalm 1:1-2: “Dit gaan goed met die mens wat: wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.”

**‘n Goeie boom dra goeie vrugte.**
Soos reeds genoem, is die Spekboom hiervan ‘n baie goeie voorbeeld.

Daar is baie goeie voorbeelde van die goeie vrug wat kinders van die Here dra. Ek dink sommer dadelik aan die vrug van liefde en die vrug van die Gees waarvan ons in Galasiërs 5:22 lees.

In Skrifgedeeltes waarin lees oor goeie bome wat goeie vrugte dra soos bv Matteus 7 en 12; Lukas 6 en Jakobus 3 gaan dit oor dade, maar veral oor die vrug van ons woorde.
In Luk 6:45 lees ons: “Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.”
Mense se woorde wys wat in hulle harte aangaan.

Hoe lyk goeie vrug van jou woorde?
Dit is hoorbaar in ons verhouding met God, onsself en ander.

**Ons as goeie bome van Christus, dra die vrug van woorde wat getuig van vertroue op God.**
Ons kan so maklik kla en negatief wees of soms net op op ons eie planne vertrou. Ons lees van die goeie vrug van geloofswoorde vol vertroue in Psalm 20:8-9: “[8]Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God. [9]Húlle sal struikel en val, maar óns sal regop en vas bly staan.”

‘n Goeie boom dra ook die vrug van getuienis. Ek het al mense die volgende hoor sê en ek het dit dalk al self gesê want dit klink so mooi: “Verkondig die evangelie en as dit nodig is, gebruik woorde.” Maar dit is dieselfde as om te së: “Voer die honger mense en as dit nodig is, gebruik kos.
Goeie bome van Christus vertel Sy goeie nuus oor. Dit is die vrug wat ons dra.

**Die goeie vrug van woorde is ook hoorbaar in my verhouding met myself.**
Ek praat die die waarheid en is trots daarop. Ek streef om Efesiërs 4:25 uit te leef: “Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.”

**In die laaste plek word die goeie vrug van woorde ook hoorbaar in my verhouding met ander mense.**
Goeie bome van Christus luister nie na die raad van goddeloses nie. Ons praat en werk nie saam met sondaars en ligsinniges nie.

Ek bou ander met my tong en volg die riglyne wat ons in die volgende verse vind:
Sagaria 8:16
“Wat julle moet doen, is dit: Praat die waarheid met mekaar, laat die waarheid en die reg geld in julle regspraak sodat daar vrede onder julle kan wees.”
Efesiërs 4:29
“Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.”
Spreuke 12:18
“Praat sonder om te dink kan soos dolksteke wees; wyse mense bring genesing met wat hulle sê.”

Wie sondag luidkeels “Prys die Here”, sing en Maandag ander mense tot in die grond toe aftakel met sy tong, is ‘n bedrieër en Godslasteraar. Dit is net slange en likkewane wat gesplete tonge het.
“’n Vyeboom dra nie olywe nie en ‘n druiwestok nie vye nie.” Jy kan nie met jou mond God loof en mense vloek nie.

Almal wens vandag die finalejaars die beste, voorspoed en seën van die Here toe.
Ek sluit af en lees weer die Here se wonderlike belofte aan hulle en aan elkeen van ons in Psalm 1:1-3.
Die woorde: “dit gaan goed” in ons vertaling word in die Ou Vertaling vertaal met “welgeluksalig”. Dit is vir my ‘n sterker woord wat 3 keer in een woord bevestig dat jy op jou toekomspad gelukkig sal wees wanneer jy doen waartoe Ps 1 ons oproep:
“[1]Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie,
[2]maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.
[3]Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie.
Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.
Amen